Perspective
Investment Management

021 418 0686 | **www.perspectiveim.co.za**
Unit 22, Victoria Junction, Prestwich St., Cape Town 8001

Dekbrief – "Unit Trust Application Form: Tax Free Savings Account for Individuals"

Geagte Belegger,

U kan 'n kumulatiewe total van R36 000 per jaar tot en met R500 000 oor u leeftyd belastingvry belê. U mag dit oor verskeie beleggings versprei, maar hou in gedagte dat dit dan moeiliker raak om by te hou met u totale belastingvrye beleggings.

By Perspective is ons toegewy om met al ons beleggers in 'n duidelike en eenvoudige manier te kommunikeer, sonder brabbeltaal en wetlike terme. Ons firma val onder 'n gelisensieerde en hoogs gereguleerde industrie en ons moet voldoen aan streng prosedures wat bepaal hoe ons u beleggings-instruksies hanteer. Ons verstaan en respekteer hierdie prosedures, maar ons weet dat dit gereeld onbedoelde verwarring kan veroorsaak. Daarom voorsien ons ons beleggers met hierdie dekbrief in vier van Suid-Afrika se tale wat saam met die vorms gelees kan word.

Ons beveel steeds aan dat u ons laat weet om u te help in persoon, deur enige van ons te kontak by +27(0)21-418-0686 of investing@perspectiveim.co.za. As dit buite ons gewone werksure sou val, los asseblief 'n boodskap met u kontakbesonderhede - een van ons sal u so gou as moontlik skakel.

As u vasbeslote is om hierdie vorm op u eie in te vul, glo ons hierdie dekbrief sal dien om u waardevolle tyd en energie te spaar. Dit bevat al die inligting wat ons graag sou wou gehad het toe ons die eerste keer die vorm moes invul as die fonds se eerste beleggers!

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**
Directors: Daniel Malan, Mikael Liefferink, John Rainier (Independent Non-Executive Chairman)

Kies die aansoekvorm: "**Unit Trust Application Form for Tax Free Savings Account: Individuals".** Die aansoekvorms in net in Engels beskikbaar.

Die eerste stap is om **seker te maak dat u die regte vorm het.** Hierdie vorm is vir individuele beleggers, voogde en finansiële adviseurs wat in die "Tax Free Savings Account" van die ***Perspective Balanced Prescient Fund*** of die ***Perspective Executive Equity Prescient Fund*** wil belê vir die eerste keer.

Ter verduideliking, Prescient is ons voorkeur besigheidsvennoot verantwoordelik vir die administrasie van die fondse. Kortliks, Perspective neem al die beleggings-besluite en Prescient hanteer die administrasie van die fondse.

Algemene riglyne om die aansoekvorm te voltooi:

- Skryf asseblief in swart ink, in duidelik leesbare hoofletters en groot, goed gespasieerde nommers.
- Indien u enige regstellings maak, parafeer asseblief langsaan die verandering.
- Parafeer of teken aan die onderkant van elke bladsy.

HOE OM TE BELê

Let asseblief op dat dit belangrik is om die volledige stel dokumentasie by Prescient in te dien **voor 13:00** (SA tyd) om dieselfde dag verwerk te word.

Indien u 'n skandeerder of fotostaatmasjien gebruik, maak seker dat u kopieë duidelik leesbaar is en dat u 'n hoë genoeg resolusie gebruik.

Stuur die **volledige** stel dokumentasie soos hieronder in 1) tot 4) genommer per e-pos na pmancoadmin@prescient.co.za, of faks dit na die nommer +27(0)21-700-5331.

1) Volledig ingevulde aansoekvorm geparafeer op elke bladsy en onderteken waar aangedui.
2) FICA dokumentasie (sien ook bl12&13 van die aansoekvorm), afskrifte van:
    - **Bewys van identifikasie**. 'n Kopie van **een** van u RSA groen, met strepieskode ID boekie, beide kante van u ID kaart, bestuurslisensie of paspoort met dieselfde naam as die belegger s'n op die aansoekvorm.

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**

- **Bewys van adres.** 'n Kopie van **een** van u onlangse (binne die laaste 3 maande) nuts rekeninge (byvoorbeeld 'n munisipale of telefoon rekening) met dieselfde naam en residensiële adres as die belegger s'n op die vorm.
- **Bewys van bankbesonderhede.** 'n Kopie van die eerste bladsy van **een** van u onlangse (binne die laaste 3 maande) bankstate met dieselfde bank besonderhede as die belegger s'n op die vorm.

3) Bewys van betaling.
4) Voltooide "Compulsory Foreign Tax Declaration and Self-Certification" (bl9 & bl10 van die aansoekvorm).

Maak nou asseblief 'n kruismerk in die 2 tersaaklike plekke op bladsy 1 om aan te dui dat u die nodige dokumentasie het, spesifiek "FICA Documentation" en "Proof of Banking Details". Ons verwys later na die ander twee.

Indien daar enigiets is waaroor u onseker is of as u wil hê ons moet vir u 'n finale hersiening doen, kontak enige van ons by +27(0)21-418-0686 of investing@perspectiveim.co.za.

PERSOONLIKE INFORMASIE

- Los die "**client number" veld op bladsy 1 leeg indien u 'n nuwe belegger is in enige van ons fondse.** Na u eerste belegging sal u 'n unieke kliënte-nommer ontvang.
- As u net 'n selfoon-nommer het kan u al die ander kontaknommer velde leeg los.
- **Ons beveel aan dat u kies om e-pos te gebruik as u voorkeur kommunikasie metode**, omdat dit vinniger, omgewingsvriendelik en baie meer effektief en veiliger is as die posstelsel.

OPTREDE NAMENS 'n BELEGGER

Los die afdeling "Acting on behalf of investor" op bladsy 2 leeg as u in u persoonlike hoedanigheid belê.

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**

DETAILS VAN FINANSIëLE ADVISEUR

Los die afdeling "Financial Advisor Details" op bladsy 3 leeg as u nie 'n Finansiële Adviseur gebruik nie.

BRON VAN FONDSE

Die "Source of Funds Invested" afdeling is 'n belangrike aspek van die verhoogde regulatoriese soeklig op internasionale geldwassery aktiweite. Dit is noodsaaklik vir alle Finansiële Diensteverskaffers en hulle beleggers om 'n bydrae te lewer om die publiek te beskerm teen kriminele aktiwiteite. Die voorbeelde op die vorm behoort genoegsaam te wees in meeste gevalle. Hierdie afdeling skep gereeld onsekerheid; kontak ons gerus as u meer inligting nodig het.

BANKBESONDERHEDE VAN BELEGGER

Vul u bankbesonderhede in en toets dit asseblief vir akkuraatheid, omrede dit die bankrekening is waarnatoe enige toekomstige uitbetalings gemaak sal word.

BETALINGSMETODE

- Meeste beleggers doen elektroniese / internet betalings. **Indien u 'n tjek deponeer, neem asseblief in ag dat u belegging in die fonds net verwerk kan word nadat u tjek deur die bank goedgekeur is, wat as gevolg van tjekbedrog meer as 'n week kan neem.**
- Gereelde beleggers in ons ***Perspective Balanced Prescient Fund*** kan direkte debietorders teen hulle eie of ander bankrekeninge in plek stel (byvoorbeeld indien u die vorm namens 'n kind invul wil u dalk 'n direkte debietorder in plek sit wat van u eie bankrekening afgetrek word).
- Let wel dat debietorder-betalings nie beskikbaar is in ons ***Perspective Executive Equity Prescient Fund*** nie.

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**

FOOIE

- Voltooi die **"Investment Option Details"** op bladsy 6 nadat u 'n besluit geneem het rakend die fonds waarin u die belegging gaan maak d.w.s. die ***Perspective Balanced Prescient Fund*** of die ***Perspective Executive Equity Prescient Fund.***
- Dui asseblief duidelik aan of u fonds-uitkerings wil herbelê of nie.
- Indien u nie 'n finansiële adviseur gebruik nie, merk asseblief N/A (dit wil sê 'Not Applicable') in die kolomme genaamd "Initial Financial Advisor Fee" en "Annual Financial Advisor Fee".
- Indien u 'n finansiële adviseur gebruik, behoort hulle u te help om die "fee template" afdeling te voltooi.

UITKERINGS

Voltooi die afdeling "Regular Withdrawals" indien u gereelde onttrekkings wil bewerkstellig.

Ons beveel aan dat u nou eers die "Terms and Conditions" afdeling op bladsye 11 tot 13 lees en teken voordat u die "Authorisation and Declaration" afdeling op bladsye 7 tot 8 lees, dateer en teken.

Maak asseblief seker om die vraag by punt 16 op bladsy 8 te beantwoord. Ons industrie word gereguleer deur streng reëls met verband tot die ontvangs en bestuur van geld deur mense wat geag word as polities verbind. Dit is in die publieke belang en ons ondersteun dit ten volle.

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**

BELASTINGINFORMASIE

- Voltooi die afdeling "Compulsory Foreign Tax Declaration and Self-Certification" op bladsye 9 en 10. **Neem asseblief in ag dat u afdeling 3 op bladsy 10 moet invul. Vir 'n Suid-Afrikaanse belastingbetaler is die sogenaamde "Tax ID number (TIN)" dieselfde as u SARS belastingnommer.**
- Nadat u die onderkant van bladsy 10 gedateer en geteken het, gaan asseblief terug na bladsy 1 en merk die tersaaklike plek by **'Completed Compulsory Tax Annexure'.**

Gaan voort met die oordrag van u kapitaal na die fonds se bank invloei rekening, die bank besonderhede is op bladsy 4. **Maak seker dat u kapitaal na die korrekte bank-rekening toe deponeer en dat dit dieselfde bedrag behels as wat u op die vorm invul.** Dit kos geweldig baie tyd en moontlik geld om verkeerde betalings op te spoor en reg te stel, om nie eers te praat daarvan dat dit dalk verlore kan raak as dit in die verkeerde rekening beland nie. **Soos u die betaling maak, kry asseblief 'n kopie van u bewys van betaling.**

Kruismerk die tersaaklike plek by 'Proof of Deposit' op bladsy 1 wanneer u 'n kopie het van u bewys van betaling.

Keer nou terug na die "Hoe om te belê" om u aansoek in te dien.

****

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**